

Saterdag 23 Desember

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:10-18

Fokusgedeelte: Hebreërs 2:17

'n Gesin met God as Vader en Jesus Christus as ons oudste broer

God, die Vader, het beplan dat sy kinders, die gelowiges, die hemelse heerlikheid sal beërf. Ons onreinheid diskwalifiseer ons om voor God te kan staan. Daarom moet ons eers van die sonde gereinig word.

God ruim hierdie probleem op 'n besondere manier uit die weg. Sy Seun, Jesus Christus, kom na die aarde met Kersfees, en sterf om ons van die sonde skoon te maak. Jesus is ons oudste broer en sy dood kom ons almal ten goede. Nou kan ons voor God staan, want Jesus het aan ons in elke opsig gelyk geword, behalwe dat Hy geen sonde gehad of gedoen het nie.

Verder, toe Hy na ons gekom het, het Hy ook die mag van die duiwel en al sy trawante verbreek. Die duiwel is nou soos 'n gekwete leeu, baie gevaarlik, maar sy einde is seker. By Christus se wederkoms sal hy finaal verslaan word. Ons hoef nie vir die dood bang te wees nie.

Vrees vir die dood kan jou soos 'n slaaf vasbind. Juis hierdie angs vir die dood het Jesus kom wegneem. Hy is vir ons 'n barmhartige en getroue hoë-priester. Hy het 'n warm hart vir ons. Die priester het in die Ou Testament vir die mense offers gebring. Jesus het sy lewe vir ons geoffer sodat ons nou as verlostes voor God kan staan.

Glo daarom dat God jou kan help wanneer jy in versoeking kom, omdat Jesus, as mens, deur Satan versoek is. Hy weet wat versoeking is.

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2, 3

Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Mooirivier)